

23 Junie

Skrifgedeelte: Jesaja 38:9-20 ('53-vertaling)

Fokusgedeelte: Jesaja 38:17 en 19

Loof God omdat Hy goed is en goed is sonder end

Ag, hoe gou is ons tog nie om beskuldigend te vra: Maar waarom dan soveel ellende en swaarkry? Waarom, Here, moet daar soveel lyding wees? ... So kom Hiskia na sy lyding en siekte en hy erken dat toe hy in hierdie sware beproewing was, hy ook verwykend met die Here geworstel het: *"Ek het gesê: In die bloei van my dae moet ek heengaan in die poorte van die doderyk; ek word beroof van my orige jare"* (vs 10).

So het hy sy lewe gesien as afgesluit – opgerol soos 'n herderstent wat tydelike skuiling en weinig sekuriteit bied. Soos die gepiep van 'n voël wanneer hy verskrik in sy rus gestoor word. Ja, soos die klaende gekir van 'n duif wanneer hy sag, weemoedig as 't ware, na binne sy lot bekla ... en dan ... kom die gedagtes weer deur die newels van pyn – *"Wat sal ek tog spreek, aangesien Hy my dit beloof het ..."* (vs 15). En dan kom die gedagtes weer van iewers waar jy gelees het en waarlik ja ...

Iets diep in my fluister – Ja, jy kan! Wanneer die vlees moedeloos uitroep – Ek kan nie meer nie! Iets por aan wanneer alles gefaal het: Wanneer ons drome in skerwe om ons lê. Iets sê – nie nou al nie; wanneer ons wil sê – genoeg.

Vanwaar die krag wat ons wankelende gemoed opbeur? Wie is dit wat ons steeds bemoedig om aan te hou met aanhou?

"Neem jou bed op en loop", hoor ons sy stem. *My krag is jou krag* – en daar lê nog groot werke vir ons voor!

Dan vervolg Hiskia met 'n nuwe gewaarwording dat dit alles goed was. *"Kyk, tot heil het die bitter, ja, bitter lyde my geword"* (vs 17). Ja, dit was my goed om só te ly, want daardeur het hy tasbaar God se liefde ervaar om hom te bring deur die lyde tot jubelende lofsange. Deur God se liefde het hy die doderyk ontkom om God te loof vir sy goedheid en genade! Wat 'n vreugde en blydschap hoor ons in sy uitroep: *"Die lewendel die lewendel dié sal U loof!!"* (vs 19).

En dan besef jy net weer – *Loof God omdat Hy goed is, en goed is sonder end!"*

Sing: Psalm 107:1, 10 (Totius)

Ds JE Franck (Magol)